#MTBPS2025



2025 **MEDIUM TERM BUDGET POLICY STATEMENT** *(MTBPS)*

# FEITEBLAD

AFRIKAANS

## WAT IS DIE MEDIUMTERMYN-BEGROTINGSBELEIDSVERKLARING (MTBBV)?

Die MTBBV sit die beleidsraamwerk uiteen vir die begroting wat elke Februarie voorgelê word, hersien die Nasionale Tesourie se ekonomiese vooruitskattings, beraam die begrotingsyfers vir die mediumtermyn, pas die begrotings van staatsdepartemente vir die huidige finansiële jaar aan en maak noodveranderinge aan besteding.

## HOEKOM IS DIE MTBBV BELANGRIK?

Die MTBBV speel 'n kritieke rol in die hele begrotingsproses, want dit bepaal die toon vir die fiskale raamwerk (wat verwys na die breë begrotingstotale van inkomste, uitgawes en lenings vir 'n gegewe jaar) vir die volgende nasionale begroting. Dit verskaf ook aan die Parlement en die hele land 'n hersiening van hoe die Tesourie die huidige ekonomiese situasie sien. Die begroting is die belangrikste ekonomiese instrument van die regering omdat dit die land se sosio-ekonomiese beleidsprioriteite weerspieël deur prioriteite en politieke verpligtinge in uitgawes te omskep. Minister Godongwana sal na verwagting Suid-Afrika se ekonomiese vooruitsigte voorlê, soos ontleed en vooruitgeskat deur die Nasionale Tesourie. Die ekonomiese vooruitsigte is die vooruitgeskatte verwagting van hoe goed die ekonomie sal presteer gedurende die komende kwartaal, jaar of op lang termyn. Dit sal vooruitskattings vir inflasie, produktiwiteitsgroei, werkloosheid en handelsbalans insluit. Die ekonomiese vooruitsigte is van kritieke belang en word fyn dopgehou deur beleggers, graderingsagentskappe, belastingbetalers en burgers in die algemeen.

## HOE BEREI LYNMINISTERIES HUL BEGROTINGS VOOR?

interne prosesse om bestedingsramingsvoorleggings voor te berei in ooreenstemming met die vereistes soos uiteengesit in die begrotingsriglyne en gebaseer op hul strategiese en ander planne. Voorleggings word dan aan die Nasionale Ontwikkelingsplan, mediumtermyn-strategieseraamwerk en die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie se begrotingsprioritiseringsraamwerk gedoen. Die Nasionale



FEITEBLAD

#MTBPS2025

Tesourie (Openbare Finansies, Interowerheidsverhoudinge, Begrotingskantoor) betrek hierdie instelling by funksiegroepsbesprekings/bilaterale gesprekke waarvan die uitkomste die insette vir die Nasionale Tesourie is, waar verskeie gemandateerde forums die mediumtermyn-bestedingskomitee se voorstelle oorweeg.

## DIE PARLEMENTÊRE PROSES VAN DIE MTBBV

Ten opsigte van die MTBBV word verslae deur die Parlement uitgereik oor die mediumtermyn-bestedingsraamwerk se fiskale raamwerk en die verdeling van inkomste voordat die uitvoerende gesag die begroting finaliseer.

## WAT GEBEUR NADAT DIE MTBBV TERTAFEL GELÊ IS?

Nadat die MTBBV ter tafel gelê is, hou die Parlementêrekomitees (Bewilligings en Finansies) openbare verhore met die betrokke belanghebbendes. Voorleggings word van die belanghebbendes ontvang gedurende die openbare verhore. Daarna stel die komitees 'n verslag op wat ter tafel gelê word in die Nasionale Vergadering wat uitgawes en inkomstevoorstelle verder ondersoek. Dertig dae nadat die MTBBV ter tafel gelê is, moet die Finansieskomitees van die twee Huise verslag doen oor die voorgestelde fiskale raamwerk, en die Bewilligingskomitees moet verslag doen oor die voorgestelde verdeling van inkomste en toewysing aan provinsies en plaaslike regerings. Die Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste word dan in oorweging gebring.